Takelys vir IPW kontroleur by Kelder

Augustus 2006

Daar is op ‘n IPW komitee vergadering besluit dat kelders wat druiwe van verskeie produsente inneem (veral die groter kelders) ‘n IPW kontroleur kan aanstel om te help met die invordering van jaarlikse IPW evaluasievorms. So ‘n kontroleur moet verkieslik oor ‘n Graad of Diploma in Wingerdkunde of dergelike kwalifikasie of ondervinding sowel as ‘n IPW opleiding-sertifikaat (2004 of later) beskik. Hierdie kontroleur moet jaarliks die volgende take verrig:

- Verseker dat IPW evaluasievorms (Bylae 1, 2A, 2B & 2C) van alle produsente wat druiwe by die kelder lewer, betyds ingehandig is
- Kontroleer dat die vorms en spuitrekords volledig ingevul is
- Kontroleer of die punte op die vorms korrek opgetel is en dat die afsnypunte by spuitrekords korrek oorgedra is na Bylae 1
- Kontroleer of die produsent wel slaag (meer as 50%) of nie
- Waar produsente nie die slaagpunt kon behaal nie, verifieër of ‘n aksieplan in plek is of nie
- Maak ‘n opsomming wat die volgende bevat:
    - Naam van elke produsent en plaas wat druiwe lewer aan die kelder
    - Tonnemaat en kultivar deur elke produsent in die betrokke oesjaar by die kelder gelewer
    - Totale punt toegeken deur kontroleur, soos in Bylae 1 bereken
    - Aanduiding of aksieplanne in plek is waar produsente nie 50% behaal het nie
    - Totale persentasie druiwe ingeneem wat IPW slaag

Let op dat nie van die kontroleur verwag word om tegniese korrektheid te verifieër nie, maar slegs dat dokumentasie volledig ingevul is.

Let wel: Dit staan enige kelder vry om addisionele pligte, bv. verifikasie van tegniese korrektheid of rekordhouding, aan die kontroleur op te dra. Sodanige bykomende pligte moet dan in daardie kelder se spesifieke prosedure vermeld word.